


Die eGGSA Tak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika Jaarverslag 2010

Lidmaatskap

Teen die einde 2010 het die eGGSA tak 280 lede gehad en 'n addisionele 175 lede vanaf ander takke wat via die Genesis en ander eGGSA dienste ingeskryf het. Dit is 'n effense daling teenoor die vorige jaar. Die rede vir die daling in ledetal is nie duidelik nie.

Die ratio tussen die getal mans en vroue bly konsekwent in vergelyking met ander jare. Huidiglik is daar 251 manlike en 204 vroulike lede. Die verhouding tussen die aantal Afrikaans en Engels spreekende lede is ook dieselfde as vorige jare met 224 Afrikaans spreekende en 226 Engels spreekende lede.



Die grootste aantal van ons lede is in Suid-Afrika woonagtig, met ook 'n groot aantal van ander lande: 354 in Suid-Afrika, 32 in Australië en New Zeeland, 38 in Europa en 27 in Noord Amerika.

Die GGSA Kieserslys projek

Ter ondersteuning van die GGSA Kieserslys projek, was die S vanne aan eGGSA geallokeer, met 300 000+ name en besonderhede om te transkribeer.

Ons aanvanklike plan was om die foto's op die webwerf te sit sodat die transkribeerders hulle transkripsies kan doen. Ons moes egter hierdie strategie heroorweeg, nadat ons al die foto's op DVD ontvang het, en van die aanvanklike skok herstel het.

Vrywilligers is van oral genader. Niemand met 'n belangstelling in S-vanne, of selfs familieledes was veilig nie. Ons het ook ons projek 'n naam gegee, Projek-S, sodat die mense makliker met ons kan identifiseer.

Ses maande later het ons 35% van die transkripsies voltooi, gelykstaande aan ongeveer 110 000 name.

Die ID-geldigheidstoets wat so laat in die projek geïmplementeer was, het tydelike konsternasie veroorsaak; maar ons het dit oorkom. Sommige van ons vrywilligers het onttrek en die ander tik voort.

Argief Fotografiese Dienste

Ten spyte van die verbod teen foto's wat steeds in plek is by die Argief in die Weskaap, verskaf ons dienste baie kopieë aan GGSA lede en andere vanaf die argiewe in Bloemfontein, Pietermaritzburg en Pretoria.

Gedurende 2010 het ons 386 bestellings vir foto van hierdie dokumente via ons webwerf ontvang. Die grootste aantal van hierdie dokumente is geskik om op die eGGSA web, [eGGSA Document Library](#), sodra hulle gemerk word deur die vrywilligers gemerk is.

Ons is ernstig op soek na vrywilligers vir hierdie projek en hoop op gedurende 2011 hierdie projek te her-organiseer en baie van die reserwe data oor te skuif na die publieke Dokumente afdeling toe.

Die Bybelprojek

Die projek was begin in 2007 en doen redelik goed. In 2010 het die projek ondesteuning by verskeie ander GGSA takke gekry en fotografering van Bybels is onderneem deur die Durban en Kustak by die Ou Hof Museum, Natal Midlands by die [Msunduzi Voortrekker Museum](#) en die [Sinodale Sentrum](#), Noordwestak by die Potchefstroom Biblioteek, Wes Gautengtak by die Afrikana Biblioteek in Johannesburg en eGGSA by die Cory Biblioteek en Albany Museum onderneem. Nie een van hierdie projekte is voltooi nie, maar ons vertrou dat die fotos in 2011 op die web sal verskyn.

Daar is ook 'n aantal individuele bydraes wat ons ontvang het.

Hierdie dokumente is uniek, veral dié in private besit en baie kwesbaar. Fotografering van die Bybels sal hulle nie net preserveer vir die toekoms nie, maar dit sal ook op die [eGGSA Bible Collection](#) tot die publiek se beskikking wees.

BDM Projek (Geboortes, Sterftes en Huwelike)

Hierdie projek het sy aanvang in 2009 geneem. Aanvanklik was bepaal watter kerk en ander registers beskikbaar was. Fotografering en transkribering van hierdie registers vind plaas met die toestemming van die bewaarders van hierdie inligting. 'n Aantal transkripsies was ook ontvang vanaf private individue.

In 2010 was die transkribering van 'n hele aantal Anglikaanse Gemeente Registers onderneem; asook die Tulbagh se NGK registers tot by 1830. Hierdie transkripsies is byna afgehandel.

Vir meer inligting sien asb [The eGGSA BDM project](#)

1820 Setlaar Korrespondensie

Die versameling sluit in duisende briewe wat getranskribeer is deur vrywilligers van die ZA-IB en ZA-EC Rootsweb poslyste deur foto's wat geneem is deur Sue Mackay, Rowena Wattrus en Tessa King by die UK Nasionale Argiewe in Kew, Engeland. Aan al bogenoemde persone en instansies ons innige dank, vir hiedie waardevolle argief.

Sue Mackay het haar versameling transkripsies van briewe deur en oor die 1820-Setlaars aan die webwerf geskenk. Hierdie briewe word in die VK Nasionale Argief te Kew, Engeland bewaar. Die versameling sluit onder andere duisende briewe in. Die foto's wat deur Sue Mackay, Rowena Wattrus en Tessa King by die UK National Archives, Kew afgeneem is, is deur vrywilligers van die ZA-IB en ZA-EG Rootsweb poslyste getranskribeer. Aan hulle almal ons opregte dank is vir hierdie waardevolle argief oorgedra. Sue het ook haar persoonlike navorsing bygevoeg.

Hierdie versameling is nie uniek aan die eGGSA webblad nie, maar ons het probeer om dit in 'n formaat aan te bied wat toegang tot die materiaal makliker maak. [1820 Settler Correspondence](#)

Uitstellings – Bevordering van Genealogie

eGSA het weereens met die Weskaaptak saamgewerk om genealogie te bevorder.

Op 1 April was daar 'n begraafplaas praatjie gelewer aan die Over Sixties Club in Rondebosch.

Op 27 April was ons Hermanus toe om deel te neem aan die Showcase of Hobbies..

En in September was ons Oudsthoorn toe om deel te neem aan die Genealogiese Werkswinkel wat gehou was deur die Dorpshuis Le Roux museum. 'n Praatjie was gegee oor begraafplase en die Sondag het 'n groep museum ondersteuners saam gegaan om die Condor Begraafplaas te fotografeer.

Stamouers.com webwerf

Die Stamouers.com webwerf was ongeveer tien jaar gelede deur André van Rensburg geskep. André kan nie meer die webwerf by homself onderhou nie en het die instandhouding van die webwerf aan eGGA toevertrou.

Die huidige webwerf benodig gespesialiseerde sagteware en kennis; daarom het ons in 2010 begin werk aan 'n nuwe weergawe van die Stamouers.com webwerf, met Johan Hefer as die redakteur.

Hierdie nuwe webwerf sal dit makliker maak om nuwe inskrywings sowel as wysigings aan te bring. Hierdie werk is byna klaar en die projek sal in 2011 die lig sien.

Stamouers.com poog om genealogiese en ander inligting van al die immigrante wat hulle families in Suid-Afrika gevestig het te publiseer. Immigrante wat voor die laat negentiende eeu hulle in die land gevestig het, word in ag geneem. Die bydraes op die webwerf is afhanklik van donasies., sou u oor enige sulke inligting beskik is u welkom om die redakteur Johan Hefer by editor@stamouers.com te kontak.

Publikasies - Genesis

Gedurende 2010 het die Genesis 'n gedaanteverwisseling ondergaan om dit 'n meer Genealogiese en historiese uitkyk te gee. Die voorblad pronk nou met ou familie foto's.

Die nuwe kolom, *Japsnoet Juds*, gee die lesers die geleentheid om kort, interessante bydraes of skakels van Genealogiese waarde te kan plaas. Hierdie kolom het baie goeie en positiewe reaksie ontlok.

In die laaste kwartaal van 2010 het die redakteur van die Nuusbrief bedank en die besluit was geneem om die Nuusbrief by die Genesis te inkorporeer. Die Genesis gaan nou twee maandeliks verskyn.

Ons was gelukkig om die dienste van twee nuwe lede vir die span te bekom - Wynand du Plessis en Leith Woodall. Hulle sal as ons proeflesers optree, Wynand van die Afrikaans en Leith van die Engelse artikels. Ons redaksiespan bestaan dus nou weer uit 'n volle vyf lede.


Bydraes is nog nie so goed as wat ons dit graag sal wil hê nie, maar tussen ons en met die reuse hulp en gereelde bydraes van ons lede, kon ons nog altyd die mas opkom.

Daar is egter 'n voortdurende tekort aan artikels vir publisering en ons wil graag ons lede aanmoedig om van hierdie bron gebruik te maak vir hulle publikasies en die redaksie spreek hiermee weereens hulle hoop uit dat ons van alle projek leiers gereelde bydraes sal ontvang, om aan ons lesers 'n duidelike prentjie te gee, van hoe elke projek vorder.

Die Grafsteenfotoprojek

1. EVALUERING VAN DIE DOELWITTE WAT ONS DAARGESTEL HET IN 2010

Ons oorspronklike doelwit was om die foto getalle met 50 000 foto's te vermeerder. Dit sou vir ons 'n totaal van 225 000 foto's gegee het einde Desember. Die doelwit was egter reeds in Mei 2010 bereik. Die finale foto telling vir 2010 was 258 594 – 'n totaal van 83 594 nuwe foto's.



Buiten die individuele bydraes wat ons in 2010 ontvang het, was daar ook 'n aantal GGSA takke wat ons hierdie jaar ondersteun het:

Weskaap

Noordwes

Vaaldriehoek (wat enkele foto's ingesluit het van Noord Transvaal)

Durban en Kustak

Vrystaat

Natal Midlands

Ons tweede doelwit was om verder saam te werk met die DVD Begraafplaas projek. Hierdie samewerking tussen die Foto en DVD projekte het ons projekte baie sterker gemaak, alhoewel die werkslading baie meer is vir beide partye. Die DVD projek sal gedetailleerde statistieke verskaf by die AJV.

Die getalle verander daaglik, maar ten minste is 50% van al die eGGSA begraafplase opgeneem in die Begraafplaas Indeks met ruitverwysings. Dit is 'n aansienlike verbetering van 0% in 2009.

Die DVD projek het oorsigfoto's aan die Fotoprojek geskenk in April 2009. Hierdie foto's van verskeie begraafplase op die DVD is oor baie jare versamel, nog vóór die dae van digitale kameras. 99% van die foto's kan nou besigtig word op die eGGSA webblad. Die uitval was te weeg gebring deur foto's wat ons gemis het op die oorspronklike oplaai proses, of 'n paar foto's wat ons nie kon oopmaak op die oorspronklike DVD nie. Die uitval sal gekorriger word in 2011.

Die eGSA tak het ook saam met verskeie ander takke gewerk in 2010 om begraafplase te fotografeer.

In Oktober het 'n span van die Weskaaptak en eGSA oor die 5000 foto's geneem van die Parys begraafplaas in die Paarl



Spanlede neem 'n welverdiende ruskansie in die begraafplaas

In Desember het eGSA en die Durban en Kustak oor die 3500 foto's van die Stellawood begraafplaas in Durban geneem.



Die enigste pret van hiedie uitstappies, is dat ons die lede van die ander takke ontmoet, vir die res is dit net harde werk!


Spanlede by die Stellawood begraafplaas in Durban teen huistoe gaan tyd!

2. DIE VRYWILLIGERS

Sonder die vrywilligers sou ons nie 'n projek gehad het nie. Dit sluit in al die mense wat die foto's neem asook dié wat die foto's op die webwerf merk.

Ons hou nie statistieke om aan te dui watter van die skenkers is GGSA lede en watter nie. 'n Lys van al die skenkers word in die Genesis gepubliseer. Maar om net na die name te kyk van die GGSA ledelys, is dit nie verregaande om te sê dat 'n groot aantal foto's wat ons ontvang, van nie-GGSA lede kom nie.

Na ons noodoproep vir vrywilligers om te help met die indeksering van die grafte, het ons nou 73 indekseerders op die boeke, waarvan slegs 26 GGSA lede is.



Die ses vrywilligers (of skuiwers) wat die projek koördineerder help met die oplaai en skuif van die gemerkte grafte na die Grafsteenbiblioteek toe, vervul almal noodsaaklike rolle. Nié alleenlik help hulle om die getal grafte wat oorgeskuif word te handhaaf nie, maar hulle word almal geleer om die rol van die projek ko-ordineerder te vervul.

Hierdie ses vrywilligers spandeer baie ure om die indeksering na te gaan en die grafte te skuif. Die skuif van grafte eet bandwyte, so baie van hulle het hul persoonlike bandwyte rekenings opgegradeer om ons projek te akkommodeer.

Twee van hierdie ses is eGGSA lede, die ander vier is nie eers GGSA lede nie.

3. BEKENDSTELLING VAN ONS DOELWITTE VIR 2011

Ons hoop om 'n totaal van 350 000 foto's te publiseer teen die einde 2011. Dit is ongeveer 90 000 nuwe foto's.

Verder wil ons ook die ommekeer tyd van publikasie verminder na 4 maande (van ontvangs, tot organisering en publikasie op die Grafsteenbiblioteek). Huidiglik is die ommekeer tyd gemiddeld 5 maande.

Neem in ag dat die foto's almal geoptimatiseer word en opgelaaai word in Kanada en dit neem die pos gemiddeld 4weke vanuit Suid-Afrika om hul bestemming te bereik.

'n Groter uitdaging wat aangespreek moet word is die laaste stap in ons proses om die 'grafte oop te maak vir die publiek. Ons beoog om 10 000 grafte per maand oop te stel, in teenstelling met die gemiddeld van 5000 wat ons in 2010 gehandhaaf het. Dit sal ons ook help om die agterstand uit te wis.

Transkripsies - Passasierslyste

eGGSA wil graag 'n nuwe projek begin in 2011. Die transkripsie van die ou passasierslyste.

Hierdie passasierslyste is te vinde by die KAB, weggebêre in koeverte en bokse, nie maklik toeganklik vir die publiek nie; en ons glo deur die transkripsies te doen kan ons die behoeftes van vele genealoë aanspreek.


Met die ondersteuning van Petro-Coreejes Brink, het ons die KAB genader, 'n versoek vir hulle toestemming en samewerking. Aan ons kant het ons reeds 'n projek ko-ordineerder aangestel, en ons vertrou dat die projek binnekort sal kan begin.

Dankie aan Petro en Hendrik vir hulle ondersteuning!

eGGSA Webwerf


Die eGGSA webwerf gebruik ongeveer 40 GB hardeskyf spasie en word gehuisves op 'n toegewyde bediener rekenaar in Chicago, VSA. Die oorgrote meerderheid van hierdie skyfspasie word opgeneem deur die fotobiblioteek bestaande uit grafstene, argiefdokumente, Bybels, poskaarte en boeke.

Die gemiddelde aantal besoeke aan die webwerf is ongeveer 700 per dag . Meeste van die besoeke is aan die fotobiblioteek. Die grootste aantal besoeke aan die webwerf is vanaf Suid Afrika (71%), dan Groot Brittanje (8%), Australia (6%), Kanada (5%), VSA (3%), Nederland (3%), New Zeeland (1%) en Switzerland (1%).




Wanneer daar na die webwerf statistieke gekyk word, is dit belangrik om te let op die aantal besoekers en tydtuur van elke besoek. 'n Besoeker is 'n persoon wat die webwerf besoek. Elke besoek bestaan uit een sessie en die duur is vir die tydperk wat die persoon op die webwerf was. Gedurende 2009 het ons 'n totaal van 127 405 besoekers gehad wat 'n totaal van 221 756 besoeke afgelê het.

Van die vloekaart hieronder kan gesien word dat by die getal besoekers en besoeke aansienlik toegeneem het gedurende die jaar.




Die tydsduur van elke besoek varieer baie, soos kan gesien word op die diagram hieronder. Mens kan nie anders as om te wonder oor die besoeke van minder as 30 sekondes nie. Maar dit is aanmoedigend dat ten minste 'n derde van alle besoeke langer as 15 minute is.



Daar is dikwels bespiegeling oor watter leser die beter een is. Dit is egter duidelik watter leser die meeste gebruik word om toegang te verkry tot die eGGSA webwerf.



Die operatiewe stelsels wat gebruik word:



Finansies

Die finansiële verslag dek die periode 1 Januarie 2010 tot 31 Desember 2010. Die ouditeure moet nog die boeke nasien. Die inkomste vir eGGSA het effens gedaal in 2010 en die uitgawes het ongeveer dieselfde gebly.

Verkope van GGSA en eGGSA produkte:

GGSA produkte te waarde van R36 060.00 was verkoop gedurende 2010. Die 10% kommissie op die GGSA produkte het 'n aansienlike inkomste gelewer.

eGGSA CD verkope het R18 763.00 beloop. 'n Groot voorraad was aangekoop, met die gevolg dat 'n verlies reflekteer in die 2010 boekjaar. Ons het egter die voorraad.

Argief foto's ter waarde van R31 928 was verkoop en ons bedank ons fotografe wat dié diens moontlik maak.

Dit moet in ag geneem word dat in baie gevalle moet eGGSA die produkte aankoop vir herverkope met 'n 10% kommissie. In sommige gevalle tree ons op as handelaar, wat die verkope van genealogiese produkte van private individue bemiddel. Die private persone hanteer hulle eie verpakking en versending. Ons vergoed ook die fotografe vir die werk wat hulle doen by die argiewe.

Webwerf: Die webwerf se onkoste beloop R13 233.00 per jaar. Daar was slegs 'n klein verhoging in prys sedert 2009.

Hierdie bedrag is vir ons aanvaarbaar siende dat dat webwerf die ruggraat van eGGSA is.

Begroting: Die begroting vir 2011 is dieselfde as vir 2010 met voorsiening wat gemaak word vir addisionele uitgawes vir projekte, die webwerf, hardeware en sagteware om die kwaliteit van die webwerf te handhaaf.

Ledegelde: Die ledegeld sal onveranderd bly in 2011.

Gevolgtrekking

eGGSA het weereens gedurende 2010 gedemonstreer dat hulle 'n belangrike rol speel in GGSA , en ook in die res van die genealogiese gemeenskap.

eGGSA projekte en funksies word alles deur vrywilligers gedoen.

'n Groot Dankie aan al ons vrywilligers wat so guldelligik gehelp het gedurende 2010.. Sonder die vrywilligers sal die eGGSA tak nie bestaan. Baie dankie vir al die hardewerk, uithou vermoë en samewerking.

Richard Ball, Voorsitter en Tegnieese Dienste

Daan Hamman, Tesourier

Lynn Couperthwaite, Lidmaatskap en Kommunikasie

Alta Griffiths, Grafsteenprojek Koördineerder

Judi Meyer, Genesis Redakteur

Johan Hefer, Stamouers Redakteur